

# Die Evangelie volgens Markus

## Hoofstuk 14

### Jesus se dood word beplan
### (Matt. 26:1-5; Luk. 22:1-2; Joh. 11:45-53)

[1]Twee dae later sou dit die paasfees en die fees van die ongesuurde brood wees.
Die priesterhoofde en die skrifgeleerdes was op soek na ’n plan om Jesus op ’n
slinkse manier gevange te neem en dood te maak. [2]Hulle het gesê: “Nie op die fees
nie, sodat daar nie miskien oproer onder die volk kom nie.”

### Jesus word in Betanië gesalf
### (Matt. 26:6-13; Joh. 12:1-8)

[3]Jesus was in Betanië in die huis van Simon die melaatse. Terwyl Hy aan tafel was,
het daar ’n vrou gekom met ’n albaste fles egte, baie duur nardusolie. Sy het die fles
oopgebreek en die inhoud daarvan op sy kop uitgegiet. [4]Party van die mense het
onder mekaar hulle verontwaardiging uitgespreek: “Waarvoor is hierdie vermorsing
van reukolie? [5]Hierdie reukolie kon vir meer as drie honderd silwermuntstukke
verkoop en die geld vir armes gegee gewees het.” En hulle het teen haar uitgevaar.
[6]“Laat staan haar,” het Jesus gesê. “Waarom maak julle dit vir haar moeilik? Sy het
’n goeie daad aan My gedoen. [7]Julle het tog altyd armes by julle, en wanneer julle
wil, kan julle aan hulle goed doen, maar vir My het julle nie altyd by julle nie. [8]Wat sy
kon, het sy gedoen. Sy het vooruit al my liggaam gesalf as voorbereiding vir my
begrafnis. [9]Dit verseker Ek julle: Oral waar die evangelie in die hele wêreld
verkondig word, sal daar ook vertel word wat sy gedoen het, tot ’n herinnering aan
haar.”

### Judas onderneem om Jesus te verraai

(Matt. 26:14-16; Luk. 22:3-6)
10Judas Iskariot, wat een van die twaalf was, het sy hulp vir die priesterhoofde gaan
aanbied om Jesus in die hande te kry. 11Toe hulle dit hoor, was hulle bly en het hulle
belowe om hom daarvoor te betaal. Hy het toe na 'n plan gesoek om Hom by 'n
geskikte geleentheid te verraai.

## Die paasmaaltyd word voorberei

(Matt. 26:17-19; Luk. 22:7-13)
12Op die eerste dag van die fees van die ongesuurde brood, die dag waarop die
Jode altyd die paaslammers geslag het, vra Jesus se dissipels vir Hom: "Waar wil U
hê moet ons gaan regmaak vir U om die paasmaaltyd te eet?"
13Hy stuur toe twee van sy dissipels en sê vir hulle: "Gaan na die stad toe. Daar sal
'n man wat 'n kruik water dra, julle ontmoet. Gaan saam met hom 14en waar hy
ingaan, moet julle vir die eienaar van die huis sê: 'Ons Leermeester vra: Waar is my
kamer waar Ek die paasmaaltyd saam met my dissipels kan eet?' 15Hy sal julle dan
'n groot bovertrek wys wat klaar daarvoor ingerig is. Daar moet julle vir ons die
paasmaaltyd voorberei."
16Die dissipels het toe gegaan en in die stad gekom en alles gekry soos Hy vir hulle
gesê het; en hulle het die paasmaaltyd voorberei.

## Een van Jesus se dissipels gaan Hom verraai

(Matt. 26:20-25; Luk. 22:14,21-23; Joh. 13:18-30)
17Die aand kom Jesus toe met die twaalf daar aan. 18Terwyl hulle sit en eet, sê Hy:
"Dit verseker Ek julle: Een van julle sal My verraai, een wat saam met My eet."
19Hulle was onthuts, en een na die ander het Hom gevra: "Dis tog nie ek nie?"
20Hy sê toe vir hulle: "Dit is een van julle twaalf, die een wat saam met My sy brood
in die skottel insteek. 21Die Seun van die mens gaan inderdaad sterwe soos daar oor
Hom geskrywe staan; maar wee die man deur wie die Seun van die mens verraai
word. Dit sou vir daardie man beter gewees het as hy nooit gebore was nie."

## Die instelling van die nagmaal

(Matt. 26:26-29; Luk. 22:15-20; 1 Kor. 11:23-25)

22Terwyl hulle eet, het Jesus brood geneem en die seën gevra. Daarna het Hy dit
gebreek en vir hulle gegee met die woorde: "Neem dit, dit is my liggaam."

23Toe neem Hy 'n beker en nadat Hy die dankgebed uitgespreek het, gee Hy dit vir
hulle, en hulle het almal daaruit gedrink. 24Hy sê vir hulle: "Dit is my bloed, die bloed
waardeur die verbond beseël word en wat vir baie mense vergiet word. 25Dit
verseker Ek julle: Ek sal nie weer wyn drink nie tot op daardie dag wanneer Ek die
nuwe wyn in die koninkryk van God sal drink."

### Petrus sal Jesus verloën

### (Matt. 26:30-35; Luk. 22:31-34; Joh. 13:36-38)

26Nadat hulle die lofsang gesing het, het hulle uitgegaan Olyfberg toe.

27Toe sê Jesus vir hulle: "Julle sal almal van My afvallig word. Daar staan immers
geskrywe:

"Ek sal die herder doodmaak,

en die skape sal uitmekaar gejaag word.

28"Maar nadat Ek uit die dood opgewek is, sal Ek julle vooruit gaan na Galilea toe."

29Petrus het vir Hom gesê: "Al sal hulle ook almal van U afvallig word, ek sal nie."

30Jesus sê toe vir hom: "Dit verseker Ek jou: Jy sal vandag nog, in hierdie nag,
voordat die haan 'n tweede keer kraai, My drie keer verloën."

31Maar Petrus het nadruklik gesê: "Al moet ek saam met U sterwe, ek sal U beslis
nie verloën nie!"

En al die ander het dieselfde gesê.

### Jesus in Getsemane

### (Matt. 26:36-46; Luk. 22:39-46; Joh. 18:1-2)

32Toe kom hulle by 'n plek met die naam Getsemane, en Jesus sê vir sy dissipels:
"Sit hier terwyl Ek gaan bid."

33Daarna neem Hy vir Petrus, Jakobus en Johannes saam met Hom. Hy het ontsteld
en beangs geword 34en vir hulle gesê: "Ek voel doodsbenoud. Bly hier en waak!"

35 Hy het toe 'n entjie daarvandaan op die grond gaan kniel en gebid dat, as dit
moontlik is, die uur van lyding nie vir Hom sou aanbreek nie. 36 Hy het gesê: “Abba,
Vader, alles is vir U moontlik. Neem hierdie lydensbeker van My af weg. Moet
nogtans nie doen wat Ek wil nie, maar wat U wil.”

37 Hy kom toe terug en kry die drie aan die slaap en vra vir Petrus: “Simon, slaap jy?
Kon jy nie eens een uur lank wakker bly nie? 38 Julle moet waak en bid, sodat julle
nie in versoeking kom nie. Die gees is wel gewillig, maar die vlees is swak.”

39 Hy het weer gaan bid en dieselfde gebed as voorheen uitgespreek. 40 Hy kom toe
terug en kry die drie weer aan die slaap, want hulle was baie vaak. Hulle het nie
geweet wat om vir Hom te sê nie.

41 Toe Hy die derde keer terugkom, sê Hy vir hulle: “Slaap en rus julle nou nog? Dit is
genoeg. Die tyd het gekom. Die Seun van die mens word in die hande van die
sondaars oorgegee. 42 Staan op, kom ons loop. Kyk, die man wat My verraai, is hier
naby.”

### Jesus word gevange geneem
### (Matt. 26:47-56; Luk. 22:47-53; Joh. 18:3-12)

43 Op daardie oomblik, terwyl Jesus nog praat, kom Judas, wat een van die twaalf
was, daar aan saam met 'n klomp mense met swaarde en stokke. Hulle is deur die
priesterhoofde en die skrifgeleerdes en die familiehoofde gestuur. 44 Die verraaier het
met die mense 'n teken afgespreek. Hy het gesê: “Die een wat ek sal soen, dit is hy.
Gryp hom en vat hom weg. Moenie dat hy ontsnap nie.”

45 Toe hy dan daar kom, het hy reguit na Jesus toe gegaan en gesê: “Rabbi!” en Hom
met 'n soen gegroet. 46 Die ander het vir Jesus gegryp en Hom gevange geneem.

47 Een van dié wat daarby gestaan het, het 'n swaard uitgepluk, daarmee na die slaaf
van die hoëpriester geslaan en sy oor afgekap.

48 Jesus sê toe vir die mense: “Het julle met swaarde en stokke gekom om My te
vang asof Ek 'n rower is? 49 Dag vir dag was Ek by julle besig om die mense in die
tempel te leer en julle het My nie gevange geneem nie. Maar die Skrif moet in
vervulling gaan.”

50 Toe het al sy dissipels Hom in die steek gelaat en weggehardloop.

51 'n Sekere jongman is saam agter Jesus aan, met net 'n doek om sy lyf. Die mense
gryp hom toe, maar hy het die doek gelos en kaal weggehardloop.

## Jesus voor die Joodse Raad

## (Matt. 26:57-68; Luk. 22:54-55,63-71; Joh. 18:15-16,24)

53Hulle het Jesus weggelei na die hoëpriester toe. Die priesterhoofde en die familiehoofde en die skrifgeleerdes het almal daar saamgekom.

54Petrus het op 'n afstand agter Hom aan gegaan tot binne-in die binnehof van die hoëpriester se woning. Daar het hy hom saam met die wagte by die vuur gesit en warm maak.

55Die priesterhoofde en die hele Joodse Raad het geprobeer om 'n aanklag teen
Jesus te kry om Hom dood te maak, maar hulle het niks gekry nie. 56Baie mense het
vals getuienis teen Hom afgelê, maar die getuienis het nie ooreengestem nie.

57Sommige van hulle het na vore gekom en vals getuienis teen Hom afgelê deur te
sê: 58“Ons het hom hoor sê: Ek sal hierdie tempel, wat deur mense gemaak is,
vernietig en binne drie dae 'n ander een bou wat nie deur mense gemaak is nie.”
59Maar ook hieroor het hulle getuienis nie ooreengestem nie.

60Toe het die hoëpriester in die Raad opgestaan en Jesus begin ondervra. “Verweer jy jou glad nie?” het hy gesê. “Wat van die getuienis wat hierdie mense teen jou inbring?”

61Maar Jesus het niks gesê nie en Hom glad nie verweer nie.

Die hoëpriester het Hom verder ondervra. “Is jy die Christus, die Seun van Hom aan wie die lof toekom?” het hy Hom gevra.

62“Ek is,” het Jesus geantwoord,

“en julle sal die Seun van die mens sien
waar Hy sit aan die regterhand van Hom wat magtig is,
en wanneer Hy kom op die wolke van die hemel.”

63Toe skeur die hoëpriester uit verontwaardiging sy klere en sê: “Waarvoor het ons
nog getuies nodig? 64Julle het die godslastering gehoor. Hoe lyk dit vir julle?”
Hulle het Hom eenparig veroordeel: “Hy verdien die dood!”

65Party van hulle het begin om op Hom te spoeg. Hulle het sy oë toegebind, Hom met die vuis geslaan en vir Hom gesê: “Profeteer 'n bietjie!”

Ook die wagte het Hom geklap toe hulle Hom wegvat.

### Petrus verloën Jesus

### (Matt. 26:69-75; Luk. 22:56-62; Joh. 18:17-18,25-27)

66Terwyl Petrus onder in die binnehof was, kom een van die hoëpriester se
diensmeisies daar. 67Toe sy vir Petrus sien, besig om hom warm te maak, kyk sy na
hom en sê: "Jy was ook saam met die man van Nasaret, die Jesus."

68Hy het dit egter ontken deur te sê: "Ek ken Hom nie en ek verstaan ook nie wat jy sê nie." Toe het hy na die deur se kant toe gestaan. En daar het 'n haan gekraai.

69Die diensmeisie het hom gesien en weer vir dié wat daar by gestaan het, gesê: "Hy
is een van hulle." 70Maar hy het dit weer ontken.

'n Rukkie later het dié wat daar by gestaan het, vir Petrus gesê: "Werklik, jy is een van hulle, want jy is mos ook 'n Galileër."

71Toe begin hy vloek, en hy sweer: "Daardie man van wie julle praat, ken ek nie."

72En onmiddellik het die haan 'n tweede keer gekraai. Dit het Petrus toe bygeval wat Jesus vir hom gesê het: "Voordat die haan 'n tweede keer kraai, sal jy My drie keer verloën."

En hy het in trane uitgebars.

## Kommentaar volgens Bybel in Praktyk

### DOOD EN OPSTANDING VAN JESUS, DIE SEUN VAN GOD (14:1-16:20)

### 14:1

Alle manlike Jode ouer as twaalf jaar, moes vir die paasfees na Jerusalem toe gaan. Met die paasfees is die gebeure van Eksodus 12 herdenk. toe die Here die volk Israel uit Egipte uitgelei en die doodsengel nie ingegaan het by die huise waar die bloed van die paaslam aan die deurkosyn gesmeer was nie. In al die ander huise het die oudste kinders gesterf. Die dag van paasfees is dan gevolg deur 'n sewedaagse fees, wat as die fees van die ongesuurde brood bekend gestaan het. Dit het ook te doen gehad met die Israeliete se haastige vertrek uit Egipte en die feit dat hulle brood sonder suurdeeg moes bak. Tydens daardie Joodse fees het die mense 'n spesiale maaltyd geëet wat bestaan het uit lamsvleis. wyn. bitter kruie en ongesuurde brood. Die hele week hei later bekend geword as paasfees, omdat dit

net na die dag van paasfees gevier is. Die paasfeesete is by dié geleentheid op die Donderdagaand genuttig terwyl die fees van die ongesuurde brood ook op dié Donderdag begin het.

### 14:2

Die Joodse owerhede wou Jesus nie in die openbaar vang nie omdat dit oproer sou veroorsaak onder die volk wat aan Jesus se kant was. Daarom moes Judas hulle help om Jesus op 'n stil plek sonder ophef gevange te neem.

### 14:3

Betanië is aan die oostelike hang van die Olyfberg geleë. (Jerusalem is aan die westelike hang.) Jesus se vriende Lasarus, Marta en Maria het daar gewoon en hulle was ook by dié ete teenwoordig (Joh. 11:1). Dit was Maria, die suster van Lasarus en Marta, wat Jesus se voete gesalf het (Joh. 12:1-3).

### 14:3-9

Volgens Matteus en Markus het hierdie gebeurtenis net voor die laaste paasmaaltyd plaasgevind. Volgens Johannes was dit egter 'n week vroeër, net voor Jesus se triomfantlike intog in Jerusalem. Ons moet onthou dat die doel met die Evangelies nie was om 'n kronologiese verslag van Jesus se lewe te gee nie, maar om die boodskap oor Hom met 'n spesifieke doel oor te dra. Moontlik het Matteus en Markus hierdie voorval opsetlik hier vertel, soda tJudas se verraad soveel skerper sou afsteek naas Maria se aanbidding, want dit is in albei Evangelies twee opeenvolgende gebeurtenisse.

### 14:4-5

Markus praat slegs van "party van die mense" terwyl Johannes, vir Judas Iskariot by die naam noem (Joh. 12:4). Judas se ontsteltenis het nie gespruit uit sy besorgdheid oor die armes nie. maar uit inhaligheid. Hy het Jesus se geldsake tydens sy bediening behartig en het al in die verlede van die bydraes gesteel (Joh. 12:6). Hy wou graag hê dat die olie verkoop moes word, want dan sou die inkomste daaruit ook in sy sorg geplaas word. Die 300 silwer muntstukke was naastenby gelyk aan ‘n loonarbeider se vergoeding vir 'n hele jaar. Dié kosbare nardusolie was dus baie duur.

### 14:6

Jesus het nie bedoel dat ons die armes moet verwaarloos nie en Hy het ons beslis nie aangemoedig om onverskillig teenoor hulle te staan nie. Nee, hy het Maria geprys omdat sy Hom met volkome onselfsugtigheid aanbid het. Die kern van aanbidding is immers volkome liefde, eerbied en toewyding aan Christus, asook die bereidwilligheid om die kosbaarste in 'n mens se lewe vir Hom op te offer. Toe Jesus begrawe is, was daar nie tyd om sy liggaam volledig gereed te maak vir die begrafnis nie. Daarom sê Hy dat Maria Hom reeds vooruit al gesalf het: Ons weet dat dié vrou Hom die Sondagoggend vroeg wou gaan salf het maar dat Hy toe reeds opgestaan het.

### 14:10

Moontlik was Judas diep teleurgesteld in Jesus omdat hy dalk verwag het dat Hy die Romeinse oorheersing oor die Joodse volk sou beëindig het. As tesourier sou Judas ook 'n prominente plek in Jesus se kabinet gekry het. Jesus het egter nie gekom om status of rykdom aan sy onderdane te gee nie, maar verlossing.

### 14:13

Dit lyk asof Jesus die plek van die feesmaal nie nou al bekend wil maak nie. Daarom gee Hy net vae aanduidings van die reëlings en stuur toe vir Petrus en Johannes (Luk 22:8) na die stad, na ‘n man wat water dra (dis vreemd omdat vroue water moes aandra). Jesus het skynbaar reeds die reëlings met die eienaar van die huis getref.

### 14:14-15

Tale huise het in daardie tyd groot bovertrekke gehad. Dikwels was daar nie net in die huis trappe na bo nie, maar ook buite die huis. Die voorbereidings vir die paasmaaltyd sou beteken dat die tafel gedek moes word( die Paaslam. wyn en ander kos gekoop moes word en dat die vleis, ongesuurde brood, souse en ander tradisionele bykosse en drinkgoed voorberei moes word. Die paasmaaltyd het gewoonlik tot middernag geduur.

### 14:19

Judas, die man wat Jesus sou verraai (vgl. Ps. 41:10), was saam met die ander aan tafel. Hy het al klaar besluit om Jesus te verraai, maar het nog met koelbloedige skynheiligheid saam met die ander aan tafel gesit. Judas en Jesus doop hulle kos in dieselfde sousbak. Dié sous het bestaan uit dadels, vye en rosyne wat met speserye en wyn of asyn gemeng is. Nou het die oomblik van waarheid vir Judas aangebreek. Hy het seker die vertrek verlaat (vgl. Joh. 13:30).

### 14:22-25

Markus het die instelling van die nagmaal opgeteken wat vandag nog in die erediens gevier word. Die tydspan van dié ete is oor vier bekers wyn heen. By die tweede beker wyn het Jesus die brood gebreek en uitgedeel om saam met die paaslam geëet te word. Toe het Hy die nagmaal ingestel as gedagtenis aan die betekenis van sy dood. Die wyn en brood het van toe af simbole geword van sy liggaam en sy bloed. Hy het die brood en die wyn gebruik om vir hulle die ware betekenis van dit wat Hy aan die kruis sou doen, te verduidelik. Die betekenis van die paasmaaltyd word ook by 1 Korintiërs 11:23-29 bespreek.

### 14:24

Jesus bring die betekenis van die bloed in verband met Eksodus 24:8. waar die offerbloed op die volk gesprinkel is as bevestiging van die verbond. Jesus se dood beteken die bevestiging van 'n nuwe verbond. Jesus se dood is nie die einde nie maar slegs die begin.

### 14:26

Om die paasmaaltyd mee af te sluit het hulle as lofsang waarskynlik Psalms 116,117 en 118 gesing.

### 14:27

Dit is maklik om te dink dat die Bose die oorhand gehad het in hierdie drama wat hom om die dood van Jesus afgespeel het. Ons sien egter dat God steeds in beheer is, selfs wanneer sy Seun aan die kruis sterf. Satan het beslis nie 'n oorwinning behaal nie. want alles het verloop soos wat God dit beplan het. God bly in beheer van die situasie.

### 14:27

Dit is die tweede keer daardie aand dat Jesus voorspel het dat die dissipels Hom sou verloën en die rug op Hom sou keer. Dit is waarskynlik die rede vir hulle heftige reaksie (14:31). Ons lees in Lukas 22:31-38 en Johannes 13:31-38 meer omtrent die vorige keer wat Hy dit voorspel het. Jesus haat uit Sagaria 13:7 aan om te illustreer dat die skape (dissipels) uitmekaar spat as die herder (Jesus) doodgemaak word. Jesus sat sy skape weer bymekaar maak as Hy opgestaan het.

### 14:32-35

Jesus en sy dissipels het meer as een nag in Getsemane (die naam beteken "oliepers") deurgebring, daarom het Judas geweet waar om Hom te kry.

### 14:36-38

Jesus het goed geweet watter prys Hy sou moes betaal om die Vader se wil te laat geskied. Hy het geweet watter ontsettende lyding daar op Hom gewag het. en Hy wou dit menslikerwys nie graag verduur nie. Hy het egter gebid: "Moet nogtans nie doen wat Ek wil nie. maar wat U wil." Jesus weet Hy moet die toorn van God dra oor die sonde van die mens. Daarom is Hy doodsbenoud maar gee Homself aan God se wil oor. Dat die dissipels aan die slaap geraak het, beklemtoon Jesus se totale alleenheid. Alleen moet Hy die volle prys van ons sonde vereffen.

### 14:41

In Jesus se eensaamheid soek Hy nogeens sy Vader in die gebed op. As mens was Hy sekerlik gespanne, al het Hy geweet dat Hy in die hande van die Vader is.

### 14:43-45

'n Hele groep tempelwagte, gewapen met swaarde en kieries (knuppels). asook 'n paar Romeinse soldate (Joh. 18:3), het saam met Judas gegaan om Jesus gevange te neem en Hom vir sy verhoor na die Joodse geestelike leiers te neem. Die geestelike leiers het beveel dat Hy gearresteer moes word en Judas sou as amptelike uitkenner van Jesus optree. Dit was algemene gebruik dat 'n rabbi en sy studente mekaar soen.

### 14:47

Volgens Johannes 18:10 was dit Petrus wat sy swaard gebruik het, en volgens Lukas 22:51 het Jesus die man se oor onmiddellik weer genees. Daardeur het Hy enige verdere bloedvergieting voorkom. Dit is moontlik dat Petrus na die slaaf se keel gemik het. Sy swaard kon moontlik vir die slag van die paaslam gebruik gewees het.

### 14:50

Enkele ure tevore het Jesus se dissipels gesweer dat hulle Hom nooit in die steek sou laat nie. Nou vlug hulle almal.

### 14:51-52

Volgens oorlewering is dit heel moontlik dat dié jongman Johannes Markus, die skrywer van hierdie Evangelie was. Nie een van die ander Evangelieskrywers noem hierdie insident nie. Moontlik het Markus net uit die bed opgestaan om saam met Jesus-hulle Getsemane toe te gaan en het daarom nog nie onderklere aangehad nie.

### 14:53-65

Die verhoor deur die Joodse Raad geskied in twee fases: 'n voorondersoek deur 'n kleiner groep gedurende die nag (Joh. 18:12-24) en dan die volle Raad met dagbreek (Luk 22:66-71). Jesus word van godsdienstige laster aangekla.

### 14:55

Hoewel die Romeine oor Judea geregeer het. was die Jode nog vry om oor minder ernstige godsdienstige en burgerlike sake te beslis. Die hoogste Joodse gesag, bekend as die Joodse Raad of Sanhedrin het uit 71 Joodse geestelike leiers bestaan Daar is aanvaar dat dié mense, wat immers godsdienstige leiers was, regverdig sou optree. Ons sien egter dat hulle hulle glad nie aan reg en geregtigheid steur ten tye van Jesus se verhoor nie. Hulle het reeds besluit om Hom uit die weg te ruim. Hulle vooroordeel teen Hom was s6 groot dat hulle selfs leuens teen hom in die hof laat vertel het (14:57). Hulle het net 'n gangbare klag probeer formuleer om Jesus voor Pilatus te laat verskyn. Dit was nodig dat ten minste twee persone dieselfde getuienis teen Jesus moes lewer (Deut. 19:15).

14:58

Hierdie aanklag was heeltemal vals en die mense wat valslik teen Jesus getuig het, het sy woorde heeltemal verdraai. Hy het nié gesê dat Hy die tempel sou afbreek nie. maar: "Breek hierdie tempel af en in drie dae sal Ek hom oprig" (Joh. 2:19). Jesus het nie na Herodes se tempel verwys nie, maar na sy eie liggaam se dood en opstanding. Sommige lede was tog onseker of Jesus dit werklik gesê het.

14:61-64

Jesus bevestig self dat Hy die Messias is en haal uit Psalm 110:1 en Daniël 7:13 aan. Om net te sê dat Hy die Messias is, is reeds genoeg om die doodstraf te verdien.

14:63-64

'n Mens sou gedink het dat die hoëpriester en ander godsdienstige leiers die Messias sou herken. aangesien hulle immers die Skrif deur en deur geken het. Hulle was veronderstel om die mense na God te lei, maar hulle was so behep met hulle eie interpretasies en gesag, dat hulle eenogigheid hulle verblind het. Interessant. Kajafas doen wat 'n hoëpriester nie mag gedoen het nie (Lev. 10:6); hy skeur sy klere as teken van rou. Jesus word toe eenparig veroordeel en mishandel.

14:66-67

Petrus verloën Jesus. Kajafas se huis. waar Jesus verhoor is (vers 53), het deel uitgemaak van 'n groot paleis met 'n hele aantal voorhowe. Dit wit voorkom asof Johannes wel die hoëpriester en sommige van sy dienaars geken het, aangesien hy saam met Petrus toegelaat is om in die voorhof in te gaan (Joh. 18:15-16).

14:71

Petrus word in die ligkring herken en gekonfronteer met die vraag of hy nie ook een van die dissipels was nie. Hy het egter op die sterkste moontlike manier te kenne probeer gee dat hy Jesus nie ken nie, daarom het hy gesweer. Wat hy eintlik daardeur gesê het. was: "Mag God my doodmaak as dit nie die waarheid is nie." Petrus praat ook nog die Galilese dialek (onder andere sekere tipiese keelklanke) wat hom verder met Jesus laat assosieer. Die haan kraai 'n tweede keer.

### 14:71

Dit is maklik om die Joodse Raad te veroordeel omdat hulle Jesus op so 'n onregverdige manier ter dood veroordeel het. Petrus en die ander dissipels het egter ook grootliks tot Jesus se lyding bygedra deurdat hulle Hom in die steek gelaat het (14:50). Dit is daarom makliker om met die dissipels. hoe pynlik ook, te assosieer as met die Joodse Raad. Ons het almal al geweier om Jesus ten opsigte van sekere lewensterreine te erken. Ons herken onsself so 'maklik in die optrede van Petrus en moet daarom gedurig met berou om vergifnis vra.